# DIE HISTORIESE KOMPAS

Nommer 3 November 2013

Geagte Leser,

U lees nou die derde uitgawe van *Die Historiese Kompas.* Dit is die laaste uitgawe van 2013 en die uitgawe word grootliks gewy aan die rol wat die sogenaamde *Naturellen Grond Wet van 1913* in die grondverdelingsproses in Suid-Afrika gespeel het. Hierin kry u die ware feite oor die wet, en nie die politieke propaganda daaroor nie.

Oor bietjie meer as ‘n maand na die verskyning hiervan sal die jaar 2014 ‘n aanvang neem en dan kan ons terugkyk na gebeurtenisse wat in 1914 plaasgevind het. Dit het ‘n beslissende invloed op die verloop van die geskiedenis die afgelope 100 jaar uitgeoefen en kan ook bepalend vir ons toekoms wees. ‘n Kort oorsig van die gebeure word gegee.

Die historiese erfenisprojek van Suidland Media het verdere vaart gekry toe dit gedurende Oktober in Bloemfontein bekend gestel is. Besonderhede daaroor word verskaf.

Die oogmerk met *Die Historiese Kompas* is om saam met ander Afrikaners, met ons geskiedenis as kompas, ‘n toekoms vir ons kinders te skep. Ons vertrou dat die lees hiervan vir u ‘n toekomsskeppende ervaring sal wees.

Indien u egter om een of ander rede nie die publikasie wil ontvang nie, kan u slegs uitteken of vir ons so laat weet en ons sal versending daarvan aan u staak. Indien u uself wel met die inhoud daarvan vereenselwig, wil ons u versoek om dit so wyd moontlik te versprei.

FRIKKIE STRAUSS

REDAKTEUR

# HOE HET ONS AAN ONS GROND GEKOM ?

## 'N BESPREKING OOR DIE GRONDVERDELINGSPROSES IN SUID-AFRIKA MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ROL VAN DIE 1913-GRONDWET DAARIN

Die jaar 2013 spoed vinnig ten einde. Teen die tyd dat die eerste ontvanger van hierdie nuusbrief dit lees, sal dit minder as 'n maand voor Kersfees wees. Op die politieke terrein was daar gedurende die jaar geen grondverskuiwende gebeure nie. Daar was die gewelddadige stakings, die skielike agteruitgang in Nelson Mandela se gesondheid en die sogenaamde Gupta- en Nkandla-skandale. Dan was daar die grondkwessie wat veral deur die honderdjarige "herdenking" van die sogenaamde *Naturellen Grond Wet van 1913* in die openbare debat ingebring is. Van al die kwessies, alhoewel dit die minste sensasie veroorsaak het, sal dit waarskynlik die mees ingrypende gevolge vir ons volk se toekoms hê. Daarom is dit van belang om die tersaaklike feite daaroor onder oë te neem.

*Die Naturellen Grond Wet nr 27 van 1913* (hierna slegs die 1913-wet genoem) is, op enkele uitsonderinge na, deur politici, akademici en joernaliste voorgehou as 'n wet wat aanvaar is om swartes se grond en grondregte van hulle weg te neem, as deel van die sogenaamde "legacy of apartheid" waarvoor blankes en veral Afrikaners die skuld gegee word en wat regstelling verg deur teruggawe van "gesteelde" grond deur blankes aan swartes. Tydens 'n DA-saamtrek ter herdenking van die 1913-wet wat in Kimberley gehou is en waartydens besondere lofbetuigings toegeswaai is aan Sol Plaatje, eerste Algemene Sekretaris van die South Africa Native National Congress (voorganger van die ANC) het mev Helen Zille, leier van die Demokratiese Alliansie die wet as die "original sin of racial oppression and division in our country" bestempel en gesê dat die nalatenskap daarvan sigbaar is "in the still endemic poverty and joblessness in our country". Die standpunte van die ANC en Julius Malema dat die wet neerkom op diefstal van swartes se grond deur blankes is oorbekend. As Afrikaners dan al hierdie misdade op hulleself gehaal het as gevolg van 'n wet wat ons voorvaders gemaak het, kan ons tereg vra: Wat was die doel van die wet, wat het daarin gestaan, wat was die rol daarvan in die grondverdelingsproses in Suid-Afrika en hoe raak dit ons as 21ste eeuse Afrikaners?

Die feitelike gegewens oor die wet sal onder drie hoofde bespreek word, naamlik die historiese aanloop tot die wet, die wet self en die uitvloeisels van die wet. Die bespreking steun grootliks op 'n artikel getiteld *Inleiding tot 'n Geskiedenisoorsig van Grondbesetting en Eiendomsreg in Suid-Afrika,* wat deel vorm van 'n publikasie met die naam *Eiendomsreg in Suid-Afrika,* uitgegee deur TLUSA. Die artikel is geskryf deur Prof Roelof Coertze, emeritus Professor in Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria. Prof Coertze is in 2012 oorlede. Die bespreking word beperk tot die swart/wit konflik oor grond.

- **Die historiese aanloop**

  Die oogmerk van die wet, soos verder in meer besonderhede aangedui, was slegs om wetlike erkenning te gee aan 'n grondeienaarskapsposisie wat in praktyk reeds vir dekades bestaan het. Die besonderhede is kortliks soos volg: Tot min of meer 1000 NC was die gebied wat die huidige Suid-Afrika vorm hoofsaaklik bewoon deur rondtrekkende Boesmans (San) en Hottentotte (Khoi) wat nie enige areas permanent afgebaken, bewoon, bewerk of enige politieke gesagstrukture daarin gevestig het nie. Teen ongeveer 1000 NC het Suidwaartstrekkende swart stamme die gebied binnegekom. (Sommige skrywers stel dit op 1400 NC.) Hulle is kort voor 1600 deur blanke

seevaarders in die Oos-Kaap opgemerk. Hier het die Noordwaartstrekkende blanke koloniste hulle teëgekom en die verdelingslyn tussen swart en wit het min of meer by die Keirivier ontwikkel. Intussen het ander blanke koloniste begin om die gebied wat later die Kaapkolonie sou word binne te trek. Behalwe vir kleiner swart stamme in die verre Noordweste het daar in hierdie gebied geen swartes gewoon nie. Swart stamme het wel begin om die sentrale hoogland van Suid-Afrika binne te trek en het so ver as die Vrystaat gevorder.

Min of meer in die derde dekade van die 19de eeu het ‘n era in Suid-Afrika aangebreek wat later in die geskiedenis bekend geword het as die *difagane*-periode, of die periode van uitwissing. In hierdie tyd het die impi’s van die Zoeloe-opperhoof Tsjaka en die Matabele-kaptein Silkaats bykans elke ander swart stam in Natal, Transvaal en die Vrystaat uitgemoor en verdryf tot wegkruipplekke in kranse, klowe en woestyngebiede. Toe die Voortrekkers teen 1835/36 die huidige Vrystaat binnegetrek het, het daar, behalwe vir ‘n klein swart stammetjie in die Oos-Vrystaat, geen mense daar gewoon nie. Transvaal was ook grootliks ontvolk en as gevolg van die uitwissingsveldtogte van Silkaats het die swart stamme hoofsaaklik in ‘n perdeskoen-patroon al teen die Westelike, Noordelike en Oostelike grense van die huidige Transvaal gewoon. In Natal het die hele gebied tussen die Tugela- en die Umzimvubu-riviere, wat later deur die Voortrekkers by Dingaan gekoop is, onbewoon gelê. Dit was asof God self ‘n land vir die Boerevolk skoongemaak het. Ons voorouers het nie nodig gehad om swartes se grond op bedenklike wyse te bekom of hulle met geweld van hulle grond te verdryf nie. Waar daar wel grond van swartes bekom is, is dit van hulle gekoop en verreweg die meeste van die koopaktes kan nog in argiewe in Suid-Afrika besigtig word.

In 1836, 1837 en 1838 is die militêre magte van Silkaats en Dingaan deur die genadige ingryping van God by Vegkop, Marico en Bloedrivier gebreek en vrede het ingetree in Suidelike Afrika. Vlugtende swartstamme is weer deur die Voortrekkers toegelaat om terug te keer na die grafte van hulle vaders en ‘n tydperk van ongeveer 150 jaar het vir swartes ingetree waarin hulle rustig kon woon en werk en sonder vrees vir ‘n nagtelike aanval kon gaan slaap, iets wat waarskynlik ongekend in die geskiedenis van Afrika is, slegs gemeet aan wat ons vandag in Afrika sien gebeur. Die historikis G.M. Theal beskryf dit soos volg: “De aankomst van de blanken en de vlucht van de Matabele gaven nieuw leven aan de bewoners van de bergen en de woestijnen. Zij konden zich weer in het open veld vertonen en tuinen maken en rustig slapen.....Hun leven was nu veilig en de bewoners van de kralen vermenigvuldigden zich met verbazende snelheid....”. MA Stals skryf in sy WA-verhandeling dat die swart bevolking in Transvaal van die geskatte 10,000 teen die einde van die jare dertig van die 19de eeu tot ongeveer 100,000 teen 1853 aangewas het.

In die paar dekades na die Groot Trek het ons voorouers die Transvaal en Vrystaat beset en voortgegaan om dieselfde in Kaapland te doen. Teen die laat negentiende eeu het die vestigingsproses min of meer gestabiliseer en daar het ‘n algemene konsensus ontwikkel oor watter dele van Suid-Afrika is blanke grond en watter is swart grond. Coertze wys een belangrike aspek van hierdie vestigingsproses uit. Hy skryf dat die verskillende Britse koloniale regerings van Kaapland en Natal asook die regerings van die republieke van Transvaal en die Oranje-Vrystaat wetgewing ingestel het om die vervreemding van hulle swart onderdane se grond aan blankes en ander nie-inboorlinge te verbied. Daar is dus nie alleen erkenning gegee aan swart grondregte nie, daar is ook beskerming verleen aan swartes se regte en gronde wat hulle histories beset het. Dit was die posisie toe die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom het.

- **Die Naturellen Grond Wet van 1913**

Die kwessie van die identifisering van grond wat aan swartes behoort en die afgrensing daarvan binne die Unie van Suid-Afrika het vroeg na die totstandkoming van die Unie 'n aktuele vraagstuk geword. Die destydse Minister van Naturellesake Dr J B M Hertzog, latere Eerste Minister, het duidelike standpunte aangaande die verhouding van die blankes tot die inheemse volke gehad. In hulle boek *Omstrede Land* deur *Changuion* en *Steenkamp* verwys hulle na die volgende standpunte wat Genl Hertzog by verskillende geleenthede ingeneem het : "In sy eerste toespraak in die Parlement as die nuwe Minister van Naturellesake, het hy sy beleid in breë trekke aangedui. Hy was van mening dat die voortbestaan van die blankes gewaarborg moes word, maar ook dat die regte van swartes eerbiedig moes word." "Swartes moes die geleenteid kry om na afgebakende gebiede te gaan waar hulle in staat sou wees om hulself ekonomies en polities te ontwikkel. Blankes sou verbied word om grond in die gereserveerde gebiede te besit en swartes sou nie toegelaat word om grond in blanke gebiede te koop nie." "Op 20 Januarie 1913 beklemtoon hy in 'n toespraak in Pretoria dat die blankes nie die hele Unie vir ons moet neem nie, dog 'n deel aan die Naturelle [moet] afstaan. Laat hulle daar ontwikkel volgens hul eie aard onder toesig van die Unieregering."

Alhoewel Hertzog op die tydstip toe die wet in die Parlement aangeneem is, as gevolg van 'n verskil met Botha en Smuts, nie meer die Minister van Naturellesake was nie, kan sy sieninge as die prinsipiële onderbou daarvan beskou word. Die wet is uiteindelik op 19 Junie 1913 aangeneem. Die volledige teks van die wet verskyn op bladsy 384 van *Omstrede Land.* Die kernbepalings daarvan verskyn hieronder.

Tot nadere regeling van de koop en huur van grond door Swartes en andere personen in de onderscheidene delen van de Unie en tot andere doeleindes in verband met de eigendom en het gebruik van grond door Swartes en andere personen.

1. Beperking van tot grond betrekkelike rechtshandelingen tussen Swartes en andere personen hangende onderzoek door een kommissie. (1) Met en na die invoering van deze Wet is alle grond, gelegen buiten de in de Bijlage opgenoemde Swart streken, onderworpen aan de volgende bepalingen, te weten:
   Buiten de goedkeuring van de Minister van Plurale Betrekkingen en Ontwikkeling
   (a) kan geen Swarte een overeenkomst of rectshandeling aangaan betrekkelik de koop, huur of andere verwerving van zodanige grond van een ander dan een Swarte, of van enig recht tot, belang in of servituut op zodanige grond; en
   (b) kan niemand dan een Swarte een overeenkomst of rechshandeling aangaan betrekkelik de koop, huur of andere verwerving van zodanige grond van een Swarte, of van enig recht daartoe, belang daarin of servituut daarop.

2. Zonder de goedkeuring van de Minister van Onderwijs en Ontwikkelingshulp mag niemand dan de Trust of een Swarte in een in de Bijlage opgenoemde Swart streek grond van een Swarte verwerven.

(Waar daar in die skrywers se weergawe *Swartes* staan, het daar in die oorspronklike wet *Naturellen* gestaan en waar daar *Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling* staan het daar *Naturellesake gestaan.* Die *trust* verwys na 'n trust wat opgerig is om grond namens swartes op te koop.)

In ‘n bylaag tot die wet is die gebiede wat reeds in die kolonies en republieke aan swartes toegewys was, gelys en dit het mettertyd as die “ingelyste gebiede” bekend gestaan. Dit was dus slegs ‘n vaspenning van die status quo in wetgewing. Daar het geen vervreemding van swart grondregte plaasgevind nie; trouens, dit was gerig op die beskerming van blanke en swart grondregte.

- **Die uitvloeisels van die wet**

  Sover dit swartes betref het die wet egter verder gegaan as blote beskerming. Dit het voorsiening gemaak vir die aanstelling van ‘n kommissie om in al die provinsies aanbevelings vir die toevoeging van verdere grondgebiede vir swartes te maak. Die kommissie het in 1916 ‘n verslag uitgebring, maar vanweë verskillende omstandighede is die aanbevelings eers opgeneem in die *Naturelletrust en- Grond Wet* van 1936 (hierna die 1936-wet genoem). Die gebiede wat deur die wet tot swartes se grond toegevoeg is, het bekend gestaan as die *oopgestelde gebiede.*
  Volgens syfers in Coertze se artikel wat deur Rogers en Lenington in 1949 verstrek is, was die totale ingelyste gebiede ±9 000 000 hektaar en dit is met die 1936-wetgewing uitgebrei na ±15 000 000 hektaar, dit wil sê met ongeveer 67%. In Transvaal alleen is dit vermeerder van ±1 000 000 ha na ±4 100 000 hektaar.

  Hierdie syfers bied onweerlegbare getuienis dat dit glad nie die bedoeling van die 1913-wet was om swartes se grondregte te vervreem nie of dit selfs te beperk tot reeds bestaande swart gebiede nie. Die bedoeling was slegs om ordelike grondreëlings daar te stel. In 1986 is daar deur die destydse Staatspresident aangekondig dat al die grond wat ingevolge die 1936-wet oopgestel is, wel aangekoop is.

  Terwyl die proses van grondverkryging vir die swartes aan die gang was, is daar ook, veral onder leiding van Dr H F Verwoerd, begin met die toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Hiervolgens moes die gebiede wat aan swartes behoort en aan hulle toegewys is, later ook bekend as tuislande, uiteindelik ontwikkel in nasionale state vir swart volkere/etniese eenhede. Die beleid het vereis dat hierdie gebiede gekonsolideer word tot aaneengeslote gebiede. In die proses van invoeging en uitsnyding van grond is swart grondgebiede verder vergroot. Coertze verwys in hierdie verband na inligting wat verstrek word deur ene *J S Bergh* in sy boek *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika,* wat in 1998 verskyn het. Bergh dui die oppervlakte van die selfregerende gebiede in onafhanklike swart state wat uit die gebied van die ou provinsie van Transvaal ontstaan het soos volg aan:

| | |
|---|---|
| Bophuthatswana (gedeeltelik in Kaapprovinsie) | 6 214 737 ha |
| Gazankulu | 796 789 ha |
| Kangwane | 505 615 ha |
| KwaNdebele | 239 958 ha |
| Lebowa | 2 527 697 ha |
| Venda | 708 897 ha |
| Totaal: | 8 993 693 ha |

Dit beteken dat die grondgebiede wat in 1936 in Transvaal toegeken is, byna verdubbel het. Dit is moontlik dat daar ook verdere toevoegings in die ander provinsies was.

Dit moet in gedagte hou word dat die meeste van die toegevoegde gronde waarskynlik aan blanke eienaars behoort het waarvoor die regering betaal het, maar sonder enige vergoeding aan swartes oorgedra het. Die destydse regering het egter nie by die blote oordrag van blanke grond aan swartes gebly nie. Daar is begin met omvangryke infrastruktuur- en ander ekonomiese ontwikkelingswerke om hierdie gebiede ekonomies lewensvatbaar vir hulle inwoners te maak, alles gefinansier uit die blanke belastingbetalers se sakke. Die bekende nyweraar Dr Anton Rupert, wat nie 'n ondersteuner van die beleid van afsonderlike ontwikkeling was nie, het in 1996 gesê dat hy nie glo dat enige klein volkie op aarde soveel van sy bates aan ander volke oorgedra het as wat die Afrikanervolk gedoen het in die proses van die skepping van tien nuwe republieke nie. Hy sou waarskynlik ook nie verkeerd gewees het as hy gesê het dat daar hoegenaamd geen volk op aarde was wat dit gedoen het nie.

Daar is egter ook nie by ekonomiese ontwikkeling gestop nie. Daar is voortgegaan om politieke instellings in hierdie gebiede te ontwikkel ten einde die grondslag vir onafhanklike state met hulle eie regerings te lê. Daaruit het uiteindelik die republieke van Transkei, Ciskei, Bophuthatshwana en Venda ontstaan en as die Nasionale Party onder leiding van Vorster, Botha en De Klerk nie die beleid van afsonderlike ontwikkeling vaarwel toegeroep het nie, sou daar nog soortgelyke state ontstaan het en die proses van grondoordrag om verdere konsolidasie te bewerkstellig sou waarskynlik voortgegaan het. In die oploop na die 1994-verkiesing is die bestaande onafhanklike state egter by Suid-Afrika ingelyf.

Terwyl die proses van oordrag van blanke grond aan swartes aan die gang was, het swartes die reg tot private grondbesit in blanke gebiede ontvang, terwyl geen blanke tot op hede nog die reg het om grond in die tradisionele swart gebiede te koop nie.

Wat hierbo geskryf is, kan nou soos volg saamgevat word: Afrikaners het geen grond wat op enige stadium in die geskiedenis aan swartes behoort het op oneerlike of gewelddadige wyse van hulle afgeneem nie. Daarteenoor het ons voorouers dit vir baie van hulle veilig gemaak om terug te keer na gebiede waar hulle voorheen gewoon maar deur ander swartes daarvandaan verdryf is. In die 1913-wet is statutêre erkenning gegee aan die gebiede wat deur hulle bewoon is terwyl geen grond van hulle ontneem is nie en deur die 1936-wet en die latere konsolidasie van die tuislande is hierdie gebiede aansienlik uitgebrei deur die verdere oordrag van blanke grond. In hierdie gebiede is ekonomiese ontwikkeling onderneem en politieke instellings vir swart volkere ontwikkel. Swartes kan vandag eiendomsreg in blanke gebiede kry terwyl blankes nie eiendomsreg in swart gebiede kan kry nie.

## DIÉ LAND IS ÓNS LAND

Dit is die feite van die geskiedenis sover dit die grondvraagstuk in Suid-Afrika betref. Dit is waargeneem en opgeteken deur vroeëre blanke reisigers, handelaars en sendelinge asook deur geloofwaardige en hooggeagte akademici en regeringsamptenare uit die geledere van die Afrikanervolk en ook uit ander volkere. Die feite bied die antwoord op die vraag hierbo. Die grond wat aan die Afrikanervolk behoort, het ons voorouers vir ons met bloed, sweet en trane verwerf. Dit is ons grond, ons het dit van niemand gesteel nie en ons skuld dit aan niemand nie. Die feit dat daar op die oomblik miljoene vreemdes op ons grond woon, maak geen verskil aan ons histories-gevestigde eiendomsreg daarop nie.

Die historiese feite bied nie alleen 'n antwoord op die gestelde vraag nie. Dit roep twee verdere vrae na vore. Hoe moet ons die huidige eise dat ons ons grond aan swartes moet afstaan beantwoord? en Hoe moet ons ons verantwoordelikheid nakom om die grond wat ons van ons voorvadere geërf het, aan ons kinders oor te dra? Dit sal die onderwerpe van

verdere artikels wees. Intussen wil ons lesers van *Die Historiese Kompas* uitnooi om hulle menings daaroor met ons te deel. Skryf asseblief aan: ***toekoms@suidland.net*** of ***Posbus 339 Piketberg 7320***.

**VIR VERDERE STUDIE**

- Die inligting in die artikel van Prof Coertze is gebaseer op lesings wat hy gegee het aan Volkekunde Honneurs studente aan die Universiteit van Pretoria. Skrywer hiervan het die kursus in 1970 gedoen. Die artikel is in brosjurevorm verkrygbaar by Suidland Media teen R50 elk, versendingskoste ingesluit.

- Die volgende inligting oor die geskiedenis van grondbesetting in Suid-Afrika kan op Suidland Media se webtuiste by **www.suidland.net** onder die afdeling **Dieptefokus** gelees word:

  - *Die Afrikaner se wettige aanspraak op selfbeskikking : Herkoms van die bewoner van Suid-Afrika* deur *Dr P W Möller.*
  - *Die invloed van die Groot Trek op die swart stamme in die Noorde* deur *Prof. JPF Moolman.*
  - *Die grondbesettingspatroon in Suid-Afrika* saamgestel deur *Werner Weber.*

- Vir omvattende inligting oor grondbesit in Suid-Afrika kan die boek *Omstrede Land : Die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Grondvraagstuk, 1652 – 2011* deur *Prof Louis Changuion* en *Genl Maj Bertus Steenkamp* (afgetree) geraadpleeg word. Dit word versprei deur Protea Boekwinkel (protea@intekom.co.za) maar is ook by Kalahari.com te koop.

- Die boek *Bulala : A True Story of South Africa* deur *Cuan Elgin* bevat ook baie goeie feitelike gegewens oor die wyse waarop die verskillende volkere in Suid-Afrika hulle grond verkry het. Dit kan bestel word by die skrywer (bulala1@post.com / Posbus 156 Ladismith 6655)

# 2014

# HERDENKINGSJAAR VAN GROOT GEBEURE IN AFRIKANERGESKIEDENIS

In die jaar 1914 het gebeure in ons volkslewe plaasgevind wat die gang van die geskiedenis beslissend verander het en wat ook ‘n koersbepalende invloed op die toekoms kan uitoefen. Dit sal dus gepas wees om die gebeure van 1914 weer in oënskou te neem. Die volgende kan as die hoofmomente beskou word:

- **Stigting van die Nasionale Party**

  Daar het spoedig na Uniewording in 1910 ‘n verskil van siening oor die rigting wat Suid-Afrika moet inslaan tussen volgelinge van Genl J B M Hertzog aan die een kant en volgelinge van Genls Louis Botha en Jan Smuts aan die anderkant, ontstaan. Vir eersgenoemde moes die belange van Suid-Afrika eerste kom en vir laasgenoemde dié van die Britse Koninkryk. Dit het tot ‘n skeuring in die Suid-Afrikaanse Party gelei en op 7 Januarie 1914 is die Nasionale Party in Bloemfontein gestig. Dit het tot groot politieke koersveranderinge in die 20ste eeu gelei. Dit is tragies en hartseer dat die Nasionale Party in die laaste jare van sy bestaan sy beginselbasis verlaat en so sy eie graf gegrawe het.

- **Uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die inval van Unietroepe in Duits-Wes**

  Op 1 Augustus breek ‘n oorlog tussen Duitsland en Brittanje uit wat later as die Eerste Wêreldoorlog bekend sou word. As deel van die Britse Ryk het Suid-Afrika hom aan die Britse kant geskaar en op 9 September 1914 besluit die Unie-Parlement om Duits-Wes, soos Suidwes-Afrika toe bekend gestaan het, binne te val en van die Duitsers te verower. Dit het groot ontevredenheid en verdeeldheid onder Afrikaners veroorsaak.

- **Die dood van Genl Koos de la Rey**

  Genl de la Rey was teen die Duits-Wes-inval gekant en het in die Parlement daarteen gestem. Na die Parlementsitting het hy per trein na Johannesburg vertrek. Op pad vanaf Johannesburg na Potchefstroom is hy op die aand van 15 September doodgeskiet by ‘n padblokkade wat vir ‘n berugte bende in Johannesburg opgestel was. Die herdenking van die dood van Genl de la Rey bied die geleentheid om die kollig weer op die lewe van hierdie merkwaardige man te laat val.

- **Die uitbreek van die rebellie**

  Die ontevredenheid oor die Botha-regering se inval in Duits-Wes, versterk deur hooglopende emosies rondom die dood van Genl de la Rey, het gelei tot ‘n opstand van ongeveer 10 000 Afrikaners teen die Botha-regering. Dit het min of meer begin Oktober 1914 uitgebreek, op 14 Oktober is krygswet deur Genl Botha afgekondig om dit te onderdruk en dit is voor die einde van die jaar beëindig. Dit het egter ingrypende gevolge gehad en die verkiesingsoorwinning van Genl Hertzog se Nasionale Party oor Genl Smuts se Suid-Afrikaanse Party slegs 10 jaar na die party se stigting word as een van die belangrikste gevolge daarvan beskou.

- **Die dood van Genl Christiaan Beyers**

  Genl Beyers was die bevelvoerder van die Boeremagte tydens die Tweede Vryheidsoorlog in Noord-Transvaal en is na die stigting van die Unie-Weermag as Kommandant-Generaal daarvan aangestel. Toe die Parlement op die Duits-Wes-inval besluit, het hy as sodanig bedank en aan die rebellie deelgeneem. Hy het op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier verdrink terwyl hy vir sy agtervolgers gevlug het. Daar

is nog baie min op Genl Beyers se lewe gefokus en die herdenking van sy dood kan die geleentheid daartoe bied.

- **Die teregstelling van Jopie Fourie**

Die bekende Jopie Fourie was een van die leiers van die rebellie. Hy is op Nooitgedacht naby Pretoria gevange geneem, vir hoogverraad ter dood veroordeel en op 20 Desember 1914 in die Pretoriase gevangenis tereggestel. Dit het emosies in die Afrikaner volksiel aangeraak waarvan die gevolge vir baie lank daarna gevoel is.

- **Die epiese woestyntog na Duits-Wes**

Tydens die rebellie het die gedagte by rebelle in die Wes-Transvaal ontstaan om aansluiting by die Duitsers in Duits-Wes te soek. ‘n Kommando van ongeveer 500 man onder leiding van Genl Jan Kemp is byeengebring en die tog is aan die begin van November 1914 aangepak. Die doel daarvan was om ‘n vriendskapsverdrag met die Duitsers te sluit. Die Boereprofeet Siener van Rensburg was ‘n lid van hierdie kommando en die visioene wat hy van God ontvang het, was deurslaggewend vir die oorlewing van die kommando deur die dorre Kalahari. Op 3 Desember het Genls Manie Maritz, Jan Kemp en Piet Bezuidenhout die Duitse goewerneur Theodor Seitz op Keetmanskoop ontmoet waar die verdrag onderteken is. Die kommando het daarna na Suid-Afrika teruggekeer en het op 3 Februarie 1915 oorgegee aan die regeringstroepe.

Hierdie woestyntog is ‘n gebeurtenis wat tot onlangs onbekend in ons geskiedenis was. Mense het eers daarvan kennis geneem nadat inligting oor Siener van Rensburg ongeveer twintig jaar gelede begin sirkuleer het. In een van sy visioene sien hy dat, as daar baie donker tye in die verre toekoms oor die Afrikanervolk kom, die Duitsers ons te hulp sal snel ter eerbiediging van die vriendskapsverdrag. Hy sien naamlik dat vyf Duitse oorlogskepe gewere en ammunisie in Luderitz aflaai vanwaar dit met die spoorlyn na Prieska vervoer word om deur burgers (Boere) in ontvangs geneem te word vir die laaste vryheidstryd van ons volk.

Dit is op hierdie punt waar ‘n direkte aktiewe interaksie tussen die jaar 1914 en die jaar 2014 kan plaasvind. Tot op datum kon die visioen nie ‘n werklikheid word nie, omdat die spoorlyn tussen Aus en Luderitz vanweë die sandduine in die Namib in onbruik geraak het en gevolglik opgetel is. Daarbenewens was daar in Luderitz slegs ‘n klein vissershawe wat nie toegang aan groot skepe kon verleen nie. Dit het intussen verander. Daar is nou ‘n diepseehawe met ‘n kaai van 500 m in Luderitz waar al van die grootste, luukse passasierskepe in die wêreld vasgemeer het. Verder is daar begin om die spoorlyn van 130 km vanaf Aus te herbou en volgens ingeligte bronne in Luderitz is daar nog slegs 30 km om te bou. Groot uitgrawingswerke vind in Luderitz self plaas ten einde die spoorlyn met die hawe te verbind. Na verneem word, moet die kontrak vir die spoorlyn teen November 2014 voltooi wees. Dan is die verhoog reg vir die laaste bedryf van ‘n toneelstuk wat moontlik een van die grootste politieke dramas in die geskiedenis van Suid-Afrika kan word.

Die woestyntog sowel as die bogenoemde visioen van Siener van Rensburg word beskryf in die boek *Niklaas van Rensburg : Die Siener* deur *Prof Andries Raath,* uitgegee deur Lapa Uitgewers (lapa@lapa.co.za / 021 – 914 0936)

Ander boeke wat oor die onderwerp handel, is *Siener van Rensburg : Boodskapper van God* deur *Adriaan Snyman* (info@vaandel.co.za / 028 – 551 2516), *Siener van Rensburg : Profeet of Waarsêer* deur *F H Pretorius* (fhpretorius@gmail.com / 012 – 993 0659) en *Die Vierkleur wapper weer* deur *Andries Raath* en *Nellie van Zyl* (lw@lwboeke / 012 – 329 4083).

Die jaar 1914 word in ons geskiedenis onthou as ‘n jaar waarin Afrikanerbloed gevloei het, en wel aan die hand van mede-Afrikaners. Dit het egter ‘n oplewing van gesonde en skeppende Afrikanernasionalisme laat posvat. Die gebeure het die smeulende vryheidsvlam in die harte van Afrikaners laat ontbrand en was beslis een van die belangrikste bakens op die pad na ‘n eie Afrikanerrepubliek in 1961. Die gebeure is diep ingebrand in die siel van ons volk en die betekenis daarvan kan goed saamgevat word in die volgende woord in Jopie Fourie se laaste brief aan sy volk:

*Getrouwen Afrikaander vrienden en vriendinnen, by de tyd dat gy dit schryven ontvangt dan is Jopie by zijn Hemelse Vader, om vyf uur vertrek ik van hier op de reis naar het Eeuwigeid met de getrouwe Leidsman en vriend Jesus.*

*Ik heb veel om u allen voor te bedanken, de boom die geplant is en met mijn bloed benat word zal opgroei tot een groote boom en het zal heerlijke vruchten voortbrengen.*

*Wees getrouw aan uwe tradities, wees getrouw aan uw volk, aan uw Godsdienst en aan uw God, de Heer zal u leiden. Hy zal u den weg wijzen waarheen gij moet gaan, skryft op mijn grafsteen deze woorden. Voor God en Vaderland.*

Deur die gebeure op ‘n waardige en verbeeldingryke wyse te herdenk kan ons nie alleen die nodige hulde bring aan die nalatenskap van ons voorouers nie, maar ook ons dankbaarheid daarvoor toon en daaruit inspirasie put vir die vervulling van ons eie Godgegewe roeping as Afrikaners. Ons wil hiermee ‘n beroep doen op Afrikanerorganisasies om die nodige beplanning daarvoor te doen.

# HISTORIESE ERFENISPROJEK IN BLOEMFONTEIN BEKENDGESTEL

Die historiese erfenisprojek van Suidland Media, wat die oorsetting op DVD en CD van films en klankbande oor ons geskiedenis behels, is oor die naweek van 17 – 18 Oktober in Bloemfontein bekendgestel. Baie mense wat die vieringe ter herdenking van die 100-jarige bestaan van die Vrouemonument bygewoon het, het die geleentheid gehad om van die items te bekom. Die bekendstelling volg op soortgelyke geleenthede wat gedurende 2012 op Graaff-Reinet en in Pretoria gehou is. Daar is in 2009 met die ontwikkeling van die projek begin en Suidland Media het nou begin om dit aan die publiek bekend te stel. Verdere saamtrekke word ook in ander groter sentra beoog.As deel van ‘n uitstalling oor die Groot Trek wat in die Nasionale Museum in Bloemfontein gehou word, word sommige van die DVD’s van Suidland Media op ‘n deurlopende basis vertoon.

Hieronder volg ‘n mediavrystelling wat na die Bloemfontein-naweek uitgereik is.

# DIE TOEKOMS BEGIN BY DIE GESKIEDENIS

**'N VOLK SONDER KENNIS VAN SY GESKIEDENIS IS 'N VOLK SONDER HOOP OP DIE TOEKOMS. DIT WAS DIE KERN VAN DIE BOODSKAP DEUR FRIKKIE STRAUSS, DIE BESTUURDER VAN SUIDLAND MEDIA, TOE HY VERLEDE NAWEEK DIE HISTORIESE ERFENISPROJEK VAN *SUIDLAND MEDIA* IN BLOEMFONTEIN BEKENDGESTEL HET. HY HET VERWYS NA 'N UITSPRAAK VAN GENL. KOOS DE LA REY SOOS VERWOORD IN DIE VERHOOGSTUK *ONS VIR JOU,* MET DIE VOLGENDE STREKKING: 'N VOLK WAT NIE WEET WAT HY WAS NIE, SAL NIE WEET WAT HY IS NIE EN SAL OOK NIE KAN DROOM WAT HY KAN WEES NIE.**

Die projek is bekend gestel in die ouditorium van die Nasionale Afrikaans Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN). Dit het saamgeval met 'n naweek van feesvieringe by die Nasionale Vrouemonument in aanloop tot die honderdjarige herdenking op 16 Desember van die inwyding van dié monument in 1913.

Die projek behels die oorsetting op DVD en CD van films en klankbande wat oor die Afrikanervolk se geskiedenis gemaak is. Die doel daarvan is nie net om te verhoed dat die kosbare erfenis verlore gaan nie, maar ook om dit toeganklik te maak vir Afrikaners tot op voetsoolvlak.

Tydens die bekendstelling is 'n volledige stel van die DVD's en CD's (wat tans op 100 titels staan) vir permanente bewaring aan NALN geskenk. Strauss het gesê dat dit vir Suidland Media 'n besondere eer is om op hierdie wyse met hierdie museum geassosieer te wees, aangesien taal 'n deurslaggewende identiteitskeppende faktor by volke is; trouens, dit was die basis wat God self geskep het om die mensdom by Babel in verskillende volkere te verdeel. 'n Besoek aan die museum bring 'n mens onder die indruk van die groot offers wat in ons geskiedenis gebring is sodat ons volk ons eie taal kan hê.

## GESKIEDENIS BIED GELOOFSBASIS

Hy het gesê dat ons geskiedenis 'n vaste en veilige basis bied vanwaar ons vir ons kinders 'n toekoms kan skep. In die eerste plek bied dit aan ons die geloofsbasis, want dit lewer getuienis van die manifestering van God se almag in ons volkslewe. In hierdie verband het hy verwys na die oorsprong en betekenis van die vlag van die ou Republiek van die Oranje-Vrystaat. Hy het die volgende feite aangehaal uit 'n Gelofterede wat mnr Paul Kruger, voorsitter van die Volksraadsverkiesingskommissie in Desember 2009 te Bloedrivier gelewer het: Reeds in die jaar 441 na Christus het die ware volgelinge van Christus in *Orange*, 'n stad in die Suide van Frankryk, 'n sinode gehou om weerstand te bied teen die dwalinge van die Roomse Kerk. Vir die volgende 1 000 jaar sou hulle nageslagte, ook bekend as die Waldense, bittere vervolging onder die Roomse verduur. Min of meer in die tyd van die hervorming word die prinsdom *Orange* geërf deur 'n Nederlandse prins wat bekend gestaan het as Willem die Swyer, later ook bekend as Willem van Oranje. En dit was onder dié vlag bekend as die Oranje-Blanje-Blou wat die Nederlanders die Rooms-Katolieke Spanjaarde uit hulle land verdryf het en waaronder Van Riebeeck na die Kaap geseil het. Dit was dan ook die draers van die gereformeerde geloofserfenis wat God gebruik om sy almag hier in Suidelike Afrika te openbaar. "Tweehonderd jaar na die volkstigting het die Volksraad van die Oranje-Vrystaat die Nederlandse koningshuis versoek om 'n vlag vir die nuwe republiek te ontwerp. Koning Willem III het dit laat

ontwerp en vir hulle gestuur. Die vlag het drie oranje bane. Volgens vlagkenners staan die kleur oranje vir *aanbidding, beskerming en eer,"* het hy verder gesê.

## GESKIEDENIS VORM IDENTITEITSBEWUSSYN

"Elke mens tree op in ooreenstemming met die begrip wat hy van sy eie identiteit het en identiteit word grootliks gevorm deur sy verlede," het hy gesê. "As 'n mens sy geheue verloor, sal hy ook sy identiteit verloor en sy vermoë om die toekoms te betree. Net so is dit ook met 'n volk. 'n Volk se geheue is sy geskiedenis en as hy sy kennis van sy geskiedenis verloor, verloor hy sy identiteitsbewussyn en sy vermoë om 'n toekoms vir sy nageslag te skep. 'n Volk sonder geskiedenis is 'n sterwende volk."

"Vanweë die geleidelike verdwyning van geskiedenis as skoolvak bevind ons as volk ons nou in 'n haglike posisie. 'n Hele nuwe geslag Afrikaners is nou sonder 'n ware beeld van ons geskiedenis. Die kommuniste is op rekord dat hulle net oor één geslag beheer moet kry om 'n volk se ondergang te bewerkstellig. Ons bevind ons dus in 'n uiters kritieke fase van ons volksbestaan en die tyd vir dringende aksie is nou daar. Kennis van ons geskiedenis moet op 'n ongekende skaal tot in elke Afrikanerhuis ingedra word."

Volgens Strauss skep die digitale tegnologie bykans onuitputlike geleenthede om hierdie doelwit te bereik. Die skyfies self is baie goedkoop, dit kan maklik, vinnig en in groot hoeveelhede, feitlik kosteloos, gedupliseer word want bykans elke rekenaar het 'n DVD-snyer of kan teen lae koste daarmee toegerus word. Vanweë die formaat en die byna gewigloosheid van die skyfies kan dit vinnig en koste-effektief in massas versprei word. Dit kan maklik ook op enige plek gekyk word, want DVD-spelers kan teen so laag as R400 gekoop word. Daarbenewens het elke rekenaar 'n DVD-speler. In teenstelling met grafiese media bied die kombinasie van klank en beeld van die digitale media 'n aanskoulike wyse van oordrag van geskiedenis, waarmee veral kinders en jongmense doeltreffend bereik kan word.

## BEGIN BY DIE BEGIN

Hy het gesê dat Afrikanerorganisasies dit in 'n groterwordende mate moeilik sal vind om Afrikaners in groot getalle by hulle aksies te betrek. Tensy Afrikaners tot 'n ontdekking van hulle ware identiteit kom, sal organisasies hulleself toenemend in 'n muur van koudheid en belangeloosheid vasloop. Dit sal in hulle belang wees om 'n beduidende hoeveelheid energie en ander hulpbronne na die bevordering van ons geskiedenis te kanaliseer. Dit bied die enigste basis vir langtermyn, blywende resultate. "Laat ons begin by die begin"

Organisasies en individue wat meer inligting oor die historiese erfenisprojek wil bekom, kan gaan na **www.suidland.net** of vir **Frikkie Strauss** skakel by **022 – 913 2391 / 082 – 493 3785.**

**Frikkie Strauss, bestuurder van Suidland Media, oorhandig ’n volledige stel van Suidland Media se DVD’s en CD’s oor die Afrikanervolk se geskiedenis aan Otto Liebenberg, kurator van NALN, vir opname in die museum se permanente bewaringsversameling. (Op versoek vooraf kan reëlings getref word dat van die DVD’s aan besoekende groepe vertoon word of dat daar na van die CD’s geluister kan word.)**